Verdien AgriBonus-punte
op alle produkte deur
Laeveld Agrochem aangekoop

Saam boer ons vooruit

Tyron Grieve

Waterpoort area

Laeveld Agrochem versprei van die bekendste, navorsingsgedrewe maatskappye se produkte vir u absolute gemoedsrus.

Vir professionele advies kontak gerus vir Tyron
Tel: 073 917 0098 E-pos: tyron@laeveld.co.za

Tyron Grieve het regoor Suid-Afrika grootgeword. Hy is in Kimberley gebore en het vir ongeveer 14 jaar in dié dorp gebly. Hy het daarna na Limpopo verhuis, waar hy in Musina, Ellisras en Louis Trichardt gewoon het. Hy is ook tans in Louis Trichardt woonagtig. Hy is enkellopend en spot dat dit is omdat Laeveld Agrochem so baie van sy tyd eis.

Tyron het sy skoolloopbaan in Musina voltooi, waarna hy verder in boekhou gestudeer het. “Dis toe dat Andy Pereira, Laeveld Agrochem-agent en aandeelhouer van Louis Trichardt my opgeraap het. Ek het gevolglik heeltemal van loopbaan verander en landbou begin studeer”. Tyron het Sy AVCASA-kursus in 2017 voltooi en is tans besig om sy BASOS-kursus te doen. Hy het ook in 2017 sy Berokingskursus voltooi en beplan om nog verder te studeer en meer kennis op te bou.

Soos enige ander persoon in die landboubedryf, is Tyron mal oor die natuur. Hy spandeer graag tyd saam met vriende om ’n vuur en speel ook graag gholf.

Tyron werk al vir amper drie jaar saam met Andy in Louis Trichardt. Hy gaan ook nou saam met Jaco van der Merwe, Laeveld Agrochem-agent in Waterpoort met hoofsaaklik rissies en waatlemoene/spanspekke werk.

Hy beplan om die boere op hoogte te hou van die nuutste produkte wat volhoubaarheid en doeltreffendheid sal bevorder. “Alles gaan oor die beste vir die kliënt en my toekoms in hierdie bedryf,” sê hy.